Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Wat is die geheim van wyn?"

Skriflesing: Johannes 2:1-11 (1983)

[1] Op die derde dag was daar 'n bruilof in Kana in Galilea, en die moeder van Jesus was daar.
[2] Jesus en sy dissipels is ook na die bruilof toe genooi.
[3] Toe die wyn opraak, sê Jesus se moeder vir Hom: "Hulle het nie meer wyn nie."
[4] Maar Hy sê vir haar: "Waarom sê u dit vir My? My tyd het nog nie gekom nie."
[5] Sy moeder sê toe vir die kelners: "Wat Hy ook al vir julle sê, moet julle doen."
[6] Daar het ses klipkanne gestaan vir water wat die Jode by hulle reiniging gebruik het. Elkeen het tussen negentig en honderd liter gehou.
[7] Jesus sê toe vir die kelners: "Maak die kanne vol water." Hulle het dit tot bo toe volgemaak.
[8] Toe sê Hy vir hulle: "Skep nou daarvan uit en gaan gee dit vir die seremoniemeester." Hulle het dit gedoen.
[9] Die seremoniemeester het nie geweet waar dit vandaan kom nie, maar die kelners wat die water uitgeskep het, het geweet. Toe die seremoniemeester die water proe wat wyn geword het, roep hy die bruidegom
[10] en sê vir hom: "'n Mens sit gewoonlik eers die goeie wyn voor, en as die mense goed gedrink het, dié van swakker gehalte; maar jy het die goeie wyn tot nou toe teruggehou."
[11] Hierdie eerste wonderteken het Jesus in Kana in Galilea gedoen. Hy het daardeur sy heerlikheid laat blyk, en sy dissipels het tot geloof in Hom gekom.

Broodjies vir die pad

To turn water into wine, and what is common into what is holy, is indeed the glory of Christianity.
Frederick William Robertson

Even if you believe a creator god invented the laws of physics, would you so insult him as to suggest that he might capriciously and arbitrarily violate them in order to walk on water, or turn water into wine as a cheap party trick at a wedding?
Richard Dawkins

We are born at a given moment, in a given place and, like vintage years of wine, we have the qualities of the year and of the season of which we are born. Astrology does not lay claim to anything more.
Carl Jung

Men are like wine - some turn to vinegar, but the best improve with age.
Pope John XXIII

Music is the wine which inspires one to new generative processes, and I am Bacchus who presses out this glorious wine for mankind and makes them spiritually drunken.
Ludwig van Beethoven

Many people believe that introversion is about being antisocial, and that's really a misperception. Because actually it's just that introverts are differently social. So they would prefer to have a glass of wine with a close friend as opposed to going to a loud party full of strangers.
Susan Cain

◆◆◆

Purim and the Secret of Wine

Jonathan Udren

Upon opening up the Book of Esther, one is cast into a banquet of royal proportions, one that spans over 180 days and includes participants from 127 provinces. Rich and poor, young and old were all invited to the royal feast, the men to King Ahasuerus' party and the women to Queen Vashti's.

Yet the name for the festivity is a peculiar one - "mishteh", which loosely translates as a drinking party. And what were the beverages on tap? Only wine! In one of the many textual references to wine, the Book of Esther records, "Royal wine was served in abundance." (Esther 1:7)

The Sages of the Talmud asked a question about this passage: How do we qualify the term "abundance"? They answered that each guest drank wine whose vintage was older than he. (Megilla 12a)

The Maharal of Prague, one of Judaism's most noted philosophers and Kabbalists, gives us a fascinating insight into the Rabbis' statement:

Why did they do this [serve each guest wine older than he]? Because there is an essential connection between wine and a person; the whole time that a person grows older, his thoughts become clearer. So too with wine; the more that it ages, the better it becomes. (Or Chadash)

Though the Maharal's comment can be understood at face value, he is also hinting to a profound idea about the nature of wine. Everything else in the world deteriorates over time, but wine is unique in that it becomes better. This distinctive quality hints to G-d's intended purpose for all Creation.

http://ascentofsafed.com/Teachings/Advanced/Holidays/purim-udren.html

◆◆◆

Kop & Hart-blog: 'Jou woorde is 'n skeppende krag'

Abel Pienaar

Woorde het krag. Woorde kan lewe gee net so kan woorde lewe neem. Woorde kan vrees sowel as liefde aanwakker. Presies dit wat in die Bybel in Spreuke (18:21) omskrywe word as: "Dood en lewe is in die mag van die tong."

Woorde is 'n skeppende krag.

Hiervan is daar die afgelope tyd vele voorbeelde. Dink maar net aan die onlangse rassisme-debat wat in sosiale media hom uitwoed. Alles die bewys van die krag wat woorde het om mense te verenig of te verdeel.

Woorde het ongetwyfeld 'n enorme vormende invloed op mense se belewenis en opinies van hul werklikheid. Want deur iets in woorde vas te vang gee jy nie net weer nie, nee, jy gee betekenis daaraan deur jou interpretasie, vrese en vooroordele.

En dan spoel dit oor in dade. Want dit is nou maar hoe dit werk. Woorde van vrees, haat en oordeel is soos saadjies wat in jou hart geplant word. En dit vat gewoonlik nie lank voordat die regte omstandighede dit laat ontkiem nie.

Miskien is een van die belangrikste spirituele dissiplines daarom dat jy gereeld jou hart moet ondersoek. Sodat jy die onkruid van haat, woede en vrees vroegtydig kan uittrek en skoonmaak.

Ek onthou so goed hoe ek elke oggend in die Zen-klooster onder opleiding van Thich Nath Hanh die volgende beginsel moes opsê:

"Ek is bewus daarvan dat my woorde lyding of vreugde kan voortbring, daarom is ek daartoe verbind om opreg en opbouend met ander te praat. Om net woorde te gebruik wat hoop en vertroue skep. Ek is vasbeslote om nie onwaarhede kwyt te raak ter wille van eie gewin of om ander te beïndruk nie; of om woorde te gebruik wat verdeling of haat veroorsaak nie. Ek sal ook nie nuus versprei waarvan ek nie seker is dat dit waar is nie, en nie dinge kritiseer of veroordeel waarvan ek nie seker is nie. Ek sal egter my bes doen om wel oor dade of situasies van onreg te praat, selfs al kan dit my eie veiligheid bedreig."

Iets waarop Don Miguel Ruiz in sy boek The Four Agreements ook baie klem lê: "Be Impeccable With Your Word. Speak with integrity. Say only what you mean. Avoid using the word to speak against yourself or to gossip about others. Use the power of your word in the direction of truth and love."

Is dit nie mooi nie? "... use the power of your word in the direction of truth and love." Want as jy uiteindelik nie jou woorde in die rigting van waarheid, genesing, vrede en liefde stuur nie, dan is dit in die rigting van verdeling, haat en vrees.

Daarom is dit so belangrik om jou hart te ondersoek en jou tong te beheer. Meer nog, dit is 'n verantwoordelikheid.

Dit wat Sri Harold Klemp verwoord met: "Whenever you're in doubt about any words, ask yourself: Is it true? Is it necessary? Is it kind? You can also ask, what would love say now?" En as jy in 'n spesifieke situasie nie opbouend, positief of in die rigting van liefde kan praat nie, bly dan stil.

Kies saam met my om in 2016 woorde te kies wat vanuit liefde kom en nie vanuit my negatiewe en beperkende emosies van my ego nie. Want sulke woorde saboteer my en dié rondom my. En dan is ons almal slagoffers van vrees en haat.

Kom ons gebruik ons woorde in die rigting van liefde, want dis al wat ons wêreld gaan genees.

http://www.netwerk24.com/Stemme/kop-hart-blog-jou-woorde-is-n-skeppende-krag-20160114#

Brood vir die pad

DJS: Iemand mag dalk eendag wil weet wat ons gedoen het

DJS

Ná sy vlug uit Duitsland, aan die vooraand van die oorlog, skryf Bertolt Brecht sy aangrypende"An die Nachgeborenen", letterlik: Aan dié wat ná ons sal kom, later gebore gaan word. Volgens sommige steeds die mees ontroerende – dalk ontstellende – vlugtelinge-literatuur. Engelse vertalings is op die web en jy kan Brecht dit in Duits hoor voorlees.

Met die 30-jarige herdenking van die Verenigde Nasies, gestig om juis sáám sulke ervarings te probeer vermy, word Gottfried von Einem se kantate met dié titel in New York uitgevoer, Oktober 1975.

Die gedig bestaan uit drie dele. Die eerste begin en eindig met die reël: "Waarlik, ek leef in donker tye." Vir Brecht beteken dit dat in sý tye niks meer vanselfsprekend en onskuldig is nie – want van alles wat ons dink en doen, sou geslagte ná ons eendag kon vra hoe ons só kon voortgaan en waarom ons nie iets ánders, iets méér gedoen het nie? Dié vraag hang soos 'n donker wolk oor Brecht.

Elke argelose – oppervlakkige, ligvaardige – woord in só 'n tyd is dwaas, sê hy. 'n Voorkop sonder frons verraai bloot ons ongevoeligheid. Wie lag, het net nog nie die laaste erge nuus gekry nie. Wat se tyd is dit, vra hy, wanneer 'n onskuldige gesprek – soos oor bome – ons skuldig stel omdat ons swyg oor sovele onheil? Wanneer rustig oor die straat stap (dalk dink hy aan sy eie vlug oor die grens) mag inhou dat ons nie langer dáár is vir ons naaste in nood nie? Ja, hy het self nog alles wat nodig is, maar dis toeval, dit kon netsowel anders wees en hy kon ewe goed ook een van dié in ellende wees. Hy tref dit net nog gelukkig. Maar hoe kan hy bly eet en drink wetende van al die ontbering? Ja, hy kén die raad in wyse boeke – aangaan asof niks gebeur nie; kwaad met goed vergeld; altyd tevrede wees met wát ook al – maar kan dié adviese nie langer volg nie, vir hóm is dié tye té donker.

Die tweede deel se vier strofes eindig almal eenders: "Só vergaan my tyd wat op aarde aan my gegun was." Al vier beskryf die donker. In stede heers onrus en oproer, sê hy, en hy deel groeiend dié woede. Hy slyt sy dae tussen magsmisbruikers. Sy woorde verraai wel sy afkeer, maar hy vermag ook maar niks. Die derde deel is gerig aan dié wat láter sou kom en in nuwe tye lewe. Wees barmhartig as julle oor ons wonder, vra hy. Onthou die donker wat ons moes meemaak. En as julle eendag wél 'n wêreld ken waar mense mekaar aanvaar en help, oordeel dan tog genadig oor óns.

En dalk is sy vraag 'n goeie een? Inderdaad die éérste om in gedagte te hou? Dat iemand eendag mag wil weet wat ons dan gedoen het?

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/djs-iemand-mag-dalk-eendag-wil-weet-wat-ons-gedoen-het-20160109

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877